# DIE "EEUFEES-ALBUM"

Die Stadsraad van Pretoria en die samestellers van die "Eeufees-album" met die ondertitel "Pretoria se eerste eeu in beeld" kan geluk gewens word met die vrugte van hul werk, 'n album van 120 bladsye, gevul met leesstof en afbeeldings wat aan die Hoofstad in die verlede en hede gewy is.
Koste nog moeite is gespaar om die geskiedenis van Pretoria, veelsydig soos dit is, in beeld weer te gee. Waardevolle en dikwels uiters seldsame foto's is deur 'n skat van dokumente afgewissel en daaruit leer die belangstellende die ontstaan, opkoms en aanhoudende uitbreiding van ons stad tot in die fynste besonderhede ken. Ons gaan terug na die dae van die stigting, deurleef en aanskou die lotswisselinge van ons stad in jare van vrede en oorlog, welvaart en teenslag.

Kleurryke figure uit die verlede, belangrike persone wat as gevolg van die geweldige groei van die stad en ook as gevolg van die tempo waarin die hedendaagse mens leef, op die agtergrond gekom en soms reeds in die vergeetboek verdwyn het, neem in die album die plekke in wat hulle volgens reg toekom.
Spotprente van Schröder, afbeeldings van leer- en leesboekies uit die verlede wissel af met hoogtepunte uit die geskiedenis van die stad soos die beleg van 1880 - 1881, die regeringsjare van President Kruger, die besetting van die stad deur die Britse troepe in 1900. Die kerklike en kulturele lewe van die verlede is in die album beklemtoon, sport en ontspanning, die sakelewe, die verkeer en vervoer is nie vergeet nie.
Wat ons veral getref het is die intimiteit van die lewe in die outydse Pretoria, iets wat mens na daardie dae laat terug verlang. En hierdie groot veranderings het alles binne 'n eeu hul beslag gekry.

Dat die album reeds nou verskyn het, vind sy oorsaak in die Van Riebeeck-herdenking. Met die koets gaan 'n eksemplaar van die album na Kaapstad, 'n treffende geskenk van die groeiende Hoofstad in die Noorde aan die Moederstad.
Die samestellers (prof. S.P. Engelbrecht, mnr. J.A.I. Agar-Hamilton, prof. A.N. Pelzer en mnr. H.P.H. Behrens) en die Stadsraad verdien die dank van elke opregte Pretoriaan wat sy stad liefhet. Geskiedkundiges sal die werk ook verwelkom. Dit is verkrygbaar by die firma J.L. van Schaik Bpk., die prys is 32/6.

J.P.

# THE "CENTENARY-ALBUM"

The City Council of Pretoria and the compilers of "The Centenary Album", with its subtitle "Pretoria's First Century in Illustration", are to be congratulated on the fruits of their labour: an album of 120 pages, packed with text and illustrations devoted to the capital in the past and present. Neither expense nor trouble has been spared in depicting the many aspects of Pretoria's history. Valuable and often extremely rare photographs are interspersed among a wealth of documents, from which those who are interested can learn down to the most minute detail of the origin, growth and continuous expansion of our city. We live again in the days of its founding, we experience for ourselves its vicissitudes through years of peace and war, prosperity and misfortune.

Colourful figures from the past, distinguished names which, because of the spectacular growth of the city and the tempo of modern life, have been forced into the background and in some cases forgotten altogether, here regain their rightful place. Caricatures by Schröder and illustrations of text books and primers of the past are varied by highlights from the city's history, - the siege of 1880 - 1881, the regime of President Kruger, the British occupation in 1900. The religious and cultural life of a past age has been stressed in this album; sport and recreation, business life, traffic and transport have not been overlooked.

Especially striking is the spirit of friendliness which prevailed in oldtime Pretoria, and one feels a hankering after those old days. And all these great changes have come about within a century!

The publication of the album at this time is due to the Van Riebeeck Festival. Accompanying the coach to Cape Town is a copy of the album, - an impressive present from the growing Capital in the North to the Mother City.
The compilers (Prof. S.P. Engelbrecht, Mr. J.A.I. Agar-Hamilton, Prof. A.N. Pelzer and Mr. H.P.H. Behrens) and the City Council deserve the gratitude of every true Pretorian who loves his city. Historians will also welcome this book. It is obtainable from J.L. van Schaik Ltd., the price being 32/6.

J.P.